
# 280 Lofsing die Heer, die Grote, Wonderbare




Die Heer is groot, vol goedheid en genade.
Ons leed en nood slaan Hy in liefde gade.
Lofsing die Heer, lofsing die Heer!

Eens kom die tyd, so soet soos nooit tevore,
in ewigheid ons saam met engelkore:
lofsing die Heer, lofsing die Heer!

Vergeet geeneen van sy weldadighede,
by Hom alleen is hulp en troos en vrede.
Lofsing die Heer, lofsing die Heer!

Al het ons lof geen lieflikheid en krag nie,
hier in die stof sal Hy dit nie verag nie.
Lofsing die Heer, lofsing die Heer!

Onbekend Onbekend